NAMIBlë (vanaf O R Tambo)

Toer 3: 14 tot 25 Junie 2021

Kom saam op hierdie manjifieke 12-dag toer deur die mistieke Namibië, die land van ‘n duisend gesigte

DAG 1:

Vol verwagting meld ons op **O R Tambo Lughawe** aan, vir ons vlug in ‘n luukse straler na **Hosea Kutako lughawe** naby **Windhoek** in **Namibië**. Ná afhandeling van die grens formaliteite klim ons in die gerieflike, doelgeskikte bus vir Namibiese toestande en vertrek ons na **Windhoek**. Ná ‘n kort stadstoer, gaan boek ons in by ons oornag hotel en gedurende die middag kan daar met **GRATIS** pendel voertuie van die hotel na die besigheids gedeelte van Windhoek en terug gegaan word.

DAG 2:

Ná ‘n heerlike ontbyt, vertrek ons en ry via **Okahandja** (die biltong hoofstad van Namibië), **Otjiwarongo** en **Outjo** om **Etosha** by die **Anderson hek** binne te gaan. Vir die volgende twee nagte slaap ons in **Okaukuejo** – die hoofkamp in die park, waar ons tot laatnag tyd kan spandeer by die **verligte watergat** in die kamp.

DAG 3:

‘n Heerlike dag van ontspanning en wildbesigtiging. Ons gaan verken die park gedurende die oggend en weer gedurende die laat middag.

DAG 4:

Ná ontbyt vertrek ons en verlaat **Etosha** by die **Andersonhek**. Van hier gaan ons roete oor **Outjo, Omaruru Karibib** en **Usakos** na **Swakopmund**. Gedurende die middag gaan kyk ons eers na die baie rare **Welwitchias** en die **Maanlandskap** en ry ons tot by **Walvisbaai,** waar ons vir die volgende **2 nagte** in een van die gerieflike hotelle tuisgaan.

DAG 5:

Vanoggend, ná ontbyt, is daar ‘n baie opwindende **opsionele bootrit** oor die wydte van die baai in **Walvisbaai**. Baie **seelewe** is op hierdie bootrit te sien en daar is ook **heerlike versnaperinge**. Die koste van hierdie bootrit beloop **ongeveer R600.00 per persoon.** Diegene wat verkies om nie die bootrit mee te maak nie, het die oggend vry om te ontspan in die hotel. Gedurende die middag gaan ons die fiksheidsvlakke toets by die berugte **DUIN 7** en vanaand is daar ‘n smullekker aandete in ‘n **egte Duitse restaurant.**in **Swakopmund.**

DAG 6:

Ons vertrek ná ontbyt en volg ‘n roete deur die woestyn met twee pragtige erosievalleie – díe van die **Kuisebrivie**r en die **Gaubrivier** tot by die eensame **Solitaire,** waar ons ‘n bietjie asem skep. Dan ry ons verder na die hoogste sandduine ter wêreld by **Sossusvlei.** Ons bus neem ons tot ín

die vlei, maar die laaste **5 Km** is slegs bereikbaar met **4 X 4 voertuie**. Hierdie ekskursie is ‘n **opsionele** een en kan onderneem word teen **ongeveer R 200 per persoon**. Ons maak ook ‘n draai by die skouspelagtige, maar onverwagte **Sesriem erosievallei.** Gedurende die middag ry ons verder tot by ons oornagplek by **Hammerstein**.

DAG 7:

Ons vertrek vanaf **Hammerstein** en ry teen die pragtige **Zarispas** in die **Zarisberge** uit. Dan ry ons verder tot by die baie bekende **Duwisib Kasteel,** gebou deur **Baron von Wolf**. Teen middagete behoort ons op **Helmeringhausen** te wees, waar ons ‘n bietjie gaan asemskep en ook iets te ete kan kry. Dan ry ons dan verder tot by die eensame dorpie **Aus,** waar ons in die plaaslike hotel gaan oornag.

DAG 8:

Ons vertrek vanaf **Aus** en ry deur die oudste woestyn op aarde – die **Namib Woestyn** met sy **wilde perde** en **Sperrgebiet**. By **Kolmanskop** gaan ons eers op ‘n begeleide toer, om alles te leer omtrent hierdie baie historiese **spook myndorp**. Dan gaan maak ons ‘n draai by die eensame **Diaskruis** by **Angra Pequena (Klein Baai)**, voordat ons by ons spoggerige hotel op **Luderitz** aankom. Vanmiddag is almal vry om hierdie eg **Duitse** dorpie bietjie van nader te gaan verken.

DAG 9:

Ons vertrek vanaf **Luderitz** en ry ooswaarts tot by **Keetmanshoop**, ons oorblyplek vir vanaand. Gedurende die middag gaan ons verstom staan by aanskoue van die onverklaarbare **“Reuse se Speelgrond”** en die unieke **Kokerboomwoud**.

DAG 10:

Ons vertrek vanaf **Keetmanshoop** op ‘n roete via die **Nautedam** en dan tot by die asemrowende **Visrivier Erosievallei**. Van hier gaan ons roete na die **warmwaterbron** by **Ai-Ais**, waar ons vanaand oorbly. Genoeg tyd is beskikbaar vir verkenning van die omgewing en ‘n bietjie lyf natmaak in die warm oop- of onderdak swembaddens.

DAG 11:

Vanoggend vertrek ons vanaf **Ai-Ais** en ry via **Grunau** en **Karasburg** en verlaat **Namibië** by die **Ariamsvlei/Nakop** grenspos. Met die grens formaliteite afgehandel, vertrek ons na **Upington** vir ons laaste aand saam.

DAG 12:

Ná ontbyt vertrek ons en keer terug na **Pretoria.** Ons roete gaan oor **Kuruman, Vryburg, Wolmaransstad, Klerksdorp, Potchefstroom** en **Roodepoort.** Al wat oorbly is om te sê:

”AUF WIEDERSEHEN”

SIEN ASB BLADSY 3 VIR TARIEWE EN ANDER BELANGRIKE INLIGTING

TOER TARIEF:

R22 950.00 per persoon wat deel

Indien enkel akkommodasie verkies word, is daar 'n Enkelbybetaling van R3 500.00

PASPOORT:

'n Geldige paspoort is vir hierdie toer noodsaaklik

INGESLUIT:

- ☺ Doelgeskikte busvervoer vir Namibië toestande
- ☺ Baie goeie gehalte en suite akkommodasie
- ☺ 2 heerlike etes per dag
- ☺ Reisversekering terwyl op die bus
- ☺ Toepaslike toegangsfooie:
  a) Toegangsfooi na Ai-Ais warmwaterbron
  b) Toegangsfooi na Visrivier Erosievallei
  c) Toegangsfooi na Reuse se Speelgrond
  d) Toegangsfooi na Kokerboomwoud
  e) Begeleide toer deur Kolmanskop
  f) Toegangsfooi na Duwisib Kasteel
  g) Toegangsfooi na Sossusvlei en Sesriem
  h) Toegangsfooie na Etosha (2 Dae)
- ☺ Portierfooitjies.
- ☺ Enkelvlug vanaf O R Tambo na Windhoek.
- ☺ Kundige toerleier

UITGESLUIT:

- ☹ Ontbyt op Dag 1
- ☹ Middagetes
- ☹ Paspoortkoste.
- ☹ Versekering:
  a) Reisversekering (word sterk aanbeveel)
  b) Mediese versekering
  c) Alle risiko versekering
- ☹ Opsionele aktiwiteite:
  a) 4 X 4 rit in die vlei in by Sossusvlei
  b) Bootrit by Walvisbaai
  c) Enige ander opsionele aktiwiteit nie op die reisplan aangedui.
- ☹ Eie uitgawes, verversings en drankies

BESPREEK BY:

DANIE, LENTE & IZETTE:

(011)-955-3138

082-851-6215

SAVANNA TOERE behou die reg voor om geringe veranderings aan hierdie reisplan aan te bring sonder vooraf kennisgewing en na gelang van omstandighede en weerstoestande.